

**IN DIE HOOGSTE HOF VAN APPÈL  
VAN SUID-AFRIKA**

Saaknommer : 52/99

In die saak tussen :

JOHN MOSEHLA

Appellant

en

SANCOR BK

Respondent

CORAM : NIENABER, HARMS, SCHUTZ, MPATI ARR en  
MTHIYANE Wnd AR

DATUM : 6 MAART 2001

GELEWER : 27 MAART 2001

Huurarbeider of plaaswerker kragtens Wet 3 van 1996 - summiere vonnis

---

**UITSPRAAK**

---

NIENABER AR :

NIENABER AR/

[1] Die appellant was gedurende 1997 'n werknemer van die respondent, 'n

beslote korporasie met sy plek van besigheid te die plaas Enkeldebosch, in die distrik Middelburg, Mpumalanga. Die vraag wat ter sprake is, is of die appellant, vir doeleindes van die Wet op Grondhervorming (Huurarbeiders) 3 van 1996 (“die Wet”), en ten opsigte van die bepaalde eiendom oftewel ’n onomskrewe deel daarvan (“die perseel”), ’n huurarbeider was (soos hy te kenne gee) dan wel ’n plaaswerker (soos die respondent te kenne gee).

[2] Uit die stukke is dit duidelik dat die appellant reeds voor 11 Maart 1997 ’n werknemer op die plaas was waar hy en sy familie ’n huis bewoon het. Op daardie datum het die partye, met ingang 1 Maart 1997, ’n skriftelike dienskontrak aangegaan. Die ooreenkoms maak voorsiening vir ’n kontantloon aan die appellant van R350 en twee 80 kg sakke mieliemeel per maand. Klousule 7.1 van die kontrak bepaal:

“7.1 Die WERKNEMER sal geregtig wees op die gebruik van die huis te Plaas Enkeldebosch, distrik Middelburg waarvoor hy die aanspreeklike persoon sal wees. By die beëindiging van die dienste van die WERKNEMER, sal die WERKNEMER en die persone genoem in 8.7 [lees 7.7] die huis ontruim binne DERTIG (30) dae vanaf die datum waarop die diens beëindig is, of aan die einde van die kennis tydperk, in die diskresie van die WERKGEWER.”

Klousule 8 bepaal:

“8.1 Die WERKNEMER is geregtig om TIEN (10) beeste op die perseel aan te hou;

8.2 Enige beeste meer as in 3.1 [lees 8.1] moet binne DRIE (3) maande van aanvangsdatum van die ooreenkoms verkoop

word.”

Kragtens klousule 9 onderwerp die appellant hom aan “die huidige Dissiplinêre Prosedure van die bestaande Dissiplinêre Prosedure van die WERKGEWER” en klousule 3.2 gee aan laasgenoemde die reg “om hierdie ooreenkoms te beëindig met onmiddellike effek indien die WERKNEMER homself skuldig maak aan ’n oortreding van die reëls en prosedures wat dit regverdig.”

[3] En dit is presies wat gebeur het. Die appellant het hom na bewering skuldig gemaak aan kontrakbreuk (onder meer deur nie sy beeste op die perseel na tien te verminder nie), ’n dissiplinêre verhoor is gehou en die appellant is op 25 Junie 1997 ontslaan, wat beteken het dat die dienskontrak terstond beëindig is. Die appellant het egter geweier om die huis waarin hy en sy familie gewoon het te ontruim en in Augustus 1997 word hy (as verweerder) deur die respondent (as eiser) in die Landdroshof te Middelburg gedagvaar vir “’n bevel dat die Verweerder uitgesit word van die perseel”. (Ek verwys vervolgens gerieflikheidshalwe na die partye as “die eiser” en “die verweerder” onderskeidelik.)

[4] Toe die verweerder verskyning aanteken, doen die eiser ooreenkomstig Landdroshofreël 14 aansoek om summiere vonnis. Die beëdigde verklaring ter ondersteuning van die aansoek word onderteken deur ene Hugo McGrath wat beweer dat hy “die eiser/applikant” is (wat hy natuurlik nie was nie), dat hy by magte is om die betrokke verklaring te maak en dat die feite daarin binne sy kennis val en na die beste van sy wete waar en korrek is.

[5] Die verweerder liasseer ooreenkomstig reël 14(3)(c) ’n beantwoordende verklaring waarin hy hom op die bepaling van die Wet beroep (a) dat hy na regte ’n huurarbeider is en aldus in sy voortgesette besetting van die perseel deur artikels 3(1) en (5) daarvan beskerm word; en (b) dat hy ingevolge artikels 16 en 17 aansoek gedoen het om ’n toekenning ten opsigte van die betrokke perseel en dat artikel 14 van die Wet gevolglik enige uitsetting daaruit verbied solank ’n ondersoek daarna hangende is. Die bestaan en regmatige beëindiging van die skriftelike dienskontrak word egter nie in sy beëdigde verklaring as sodanig aangeval of bevraagteken nie.

[6] Die verweer misluk in sowel die Landdroshof as op appèl na die Transvaalse Provinsiale Afdeling (*Mosehla v Sancor CC* 1999 (1) SA 614 (T)), maar ’n aansoek om verlof om na hierdie Hof te appelleer word op petisie

toegestaan.

[7] Die eiser se eis om uitsetting is uitsluitlik op die bepalings van die dienskontrak gegrond. Die dienskontrak maak voorsiening vir die bewoning deur die verweerder en sy familie van “die huis te plaas Enkeldebosch, distrik Middelburg” asook vir die reg om ’n aantal beeste “op die perseel” aan te hou. Die beëindiging van die dienskontrak sou dus beteken dat die verweerder voortaan nie meer (a) teenoor die eiser en (b) uit hoofde van die bepalings van die dienskontrak op okkupasie van die perseel aanspraak kan maak nie. Daaruit volg dit egter nie dat die eiser sonder meer op ’n bevel van uitsetting teenoor die verweerder geregtig sou wees nie. Dit sou daarvan afhang of die eiser, as beslote korporasie, ’n eie regmatige aanspraak op besit van die perseel, as byvoorbeeld eienaar of huurder, gehad het. Presies wat die eiser se titel ten tyde van die instel van die aksie en ten opsigte van die plaas Enkeldebosch was, blyk nêrens uit die eiser se besonderhede van vordering, uit McGrath se beëdigde verklaring ter ondersteuning van die aansoek om summiere vonnis, of selfs uit die verweerder se beëdigde verklaring of die dokumente waarna daarin verwys word nie. Daar was wel suggesties dat ene Jan Schoeman te een of ander tyd die eienaar van die plaas was. Wat die verhouding tussen Schoeman en die eiser en McGrath was, blyk egter ook nie uit die stukke nie. Die beswaar, as sou die eiser se status ontbreek om teen die verweerder op te tree, is nóg in die verweerder se opponerende verklaring, nóg in betoog voor die

Landdros of die Hof *a quo* geopper. Dit is vir die eerste keer in die aansoek om verlof om te appelleer en vir die tweede keer voor hierdie Hof te berde gebring. Die Hof *a quo* het dit tereg verwerp. Dat 'n punt wat so opsigtelik is so laat geopper word, skep die vermoede dat daar 'n eenvoudige antwoord op is. Was dit wel vroegtydig in die beëdigde verklaring geopper en was die beswaar daarteen wel onbeantwoordbaar, sou die eiser stellig daar en dan bes gegee het; andersins sou hy die ontbrekende bewerings by wyse van 'n wysiging van sy dagvaarding aangebring het. Dit kan nie op hierdie laat stadium van die verrigtinge, sonder dat dit ooit ondersoek is, as 'n volkome antwoord op die eis beskou word nie. Vir doeleindes van die beoordeling van die aansoek om summiere vonnis op appèl moet daar dus na my mening aanvaar word dat die eiser wel 'n eie aanspraak op besit van die perseel gehad het. Indien die verweer wat origins in die beantwoordende verklaring geopper is, nie slaag nie, sou 'n bevel van uitsetting dus wel behoorlik verleen kon gewees het.

[8] Die vraag is dan of die verweerder se beëdigde verklaring 'n *bona fide* verweer openbaar, dit wil sê, of dit bewerings bevat wat, indien bewese, van hom 'n huurarbeider kragtens die bepalings van die Wet sou maak. Die beantwoording van dié vraag verg 'n analise van wat die verweerder presies beweer, gemeet aan die hand van die tersaaklike bepalings van die Wet.

[9] Die volgende bepalings van die Wet is vir huidige doeleindes van belang en word gerieflikheidshalwe agtereenvolgens aangehaal:

“Huurarbeider” word in artikel 1 omskryf as:

“... 'n persoon -

- (a) wat op 'n plaas woon of die reg het om daarop te woon;

- (b) wat die reg het of gehad het om grond vir verbouing of weiveld op die plaas, in paragraaf (a) bedoel, of 'n ander plaas van die eienaar te gebruik, en as teenprestasie vir daardie reg arbeid aan die eienaar of huurder verskaf of verskaf het; en
- (c) wie se ouer of grootouer op 'n plaas woon of gewoon het en die gebruik van grond vir verbouing of weiveld op daardie plaas of 'n ander plaas van die eienaar gehad het, en as teenprestasie vir daardie reg arbeid aan die eienaar of huurder van daardie of daardie ander plaas verskaf of verskaf het,  
met inbegrip van 'n persoon wat ooreenkomstig die bepalings van artikel 3(4) en (5) as opvolger van 'n huurarbeider aangestel is, maar uitgesluit 'n plaaswerker;”

“Plaaswerker” word weer omskryf as:

“'n persoon wat in diens is op 'n plaas ingevolge 'n dienskontrak wat voorsiening maak dat-

- (a) in ruil vir die arbeid wat hy of sy aan die eienaar of huurder van die plaas lewer, hy of sy hoofsaaklik in kontant of in 'n ander vorm van vergoeding betaal sal word, en nie hoofsaaklik in die reg om grond te bewoon en te gebruik nie; en
- (b) hy of sy verplig is om sy of haar dienste persoonlik te verrig;”

Artikel 3(1) bepaal:

“3. **Reg om grond te bewoon en te gebruik.** - (1) Ondanks die bepalings van enige ander wet, maar behoudens die bepalings van

subartikel (2), het 'n persoon wat op 2 Junie 1995 'n huurarbeider was, die reg om saam met sy of haar familielede -

- (a) daardie gedeelte van die betrokke plaas te bewoon en te gebruik wat hy of sy of sy of haar geassosieerde op daardie datum gebruik en bewoon het;
- (b) daardie gedeelte van die betrokke plaas te bewoon en te gebruik ten opsigte waarvan die reg om dit te bewoon en te gebruik ingevolge hierdie Wet of enige ander wet aan hom of haar herstel word.”

Artikel 3(6) lui:

“'n Huurarbeider kan, behoudens subartikel (7), van sy of haar regte of 'n gedeelte van sy of haar regte afstand doen indien sodanige afstanddoening vervat is in 'n skriftelike ooreenkoms wat deur beide die eienaar en die huurarbeider onderteken is.”

Artikel 3(7):

“Die bepalinge van 'n ooreenkoms waarkragtens die huurarbeider ingevolge subartikel (6) van sy of haar regte of 'n gedeelte van sy of haar regte afstand doen, tree nie in werking nie tensy -

- (a) die Direkteur-generaal gesertifiseer het dat hy of sy tevrede is dat die huurarbeider ten volle kennis gehad het van die aard en omvang van sy of haar regte asook die gevolge van afstanddoening van sodanige regte; of
- (b) sodanige bepalinge in 'n bevel van die Hof of van 'n arbiter kragtens artikel 19 aangestel, geïnkorporeer word. ”

Artikel 5:

**“Verbod op uitsetting.** - Behoudens die bepalinge van artikel 13,

kan 'n huurarbeider of sy of haar geassosieerde slegs op grond van 'n bevel van die Hof, wat kragtens hierdie Wet uitgereik is, uitgesit word.”

Artikel 14:

**“Uitsetting in afwagting van aansoek vir verkryging van regte in grond.** - Geen huurarbeider kan, terwyl 'n aansoek deur hom of haar ingevolge Hoofstuk III hangende is, uitgesit word nie: Met dien verstande dat die Hof uitsetting mag beveel indien die Hof tevrede is dat, met inagneming van alle omstandighede, spesiale omstandighede bestaan wat dit regverdig en billik maak om so te beveel.”

Artikels 16(1) en (2) soos dit indertyd gelui het:

**“16. Reg om grond te verkry.** - (1) Behoudens die bepalings van hierdie Wet, kan 'n huurarbeider of sy of haar opvolger aansoek doen om 'n toekenning van -

- (a) die grond wat hy of sy ingevolge artikel 3 geregtig is om te bewoon of te gebruik;
- (b) die grond wat hy of sy of sy of haar familie gedurende 'n tydperk van vyf jaar onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet bewoon of gebruik het, en waarvan hy of sy of sy of haar familie in stryd met die bepalings van 'n ooreenkoms tussen die partye ontnem is;
- (c) regte in grond elders op die plaas of in die omgewing wat deur die eienaar van die plaas voorgestel is; en
- (d) die serwitute van reg van toegang tot water, reg van weg of ander serwitute wat redelikerwys noodsaaklik is of redelikerwys bestaanbaar is met die regte wat hy of sy geniet of voorheen as huurarbeider geniet het, of die ander vergoedende grond of regte in grond en serwitute wat hy of sy ingevolge artikel 18(5) kan aanvaar, te



koop en te laat registreer: Met dien verstande dat die reg om aansoek te doen om 'n toekenning van sodanige grond, regte in grond en serwitute verval indien geen aansoek binne vier jaar vanaf die inwerkingtreding van hierdie Wet ingevolge artikel 17 by die Direkteur-generaal ingedien word nie.”

(2) Die bepalings van 'n ooreenkoms waarkragtens 'n huurarbeider afstand doen van sy of haar regte wat ingevolge hierdie artikel aan hom of haar verleen word, tree nie in werking nie tensy -

(a) die Direkteur-generaal gesertifiseer het dat hy of sy tevrede is dat die huurarbeider volle kennis gehad het van die aard en omvang van sy of haar regte sowel as van die gevolge van sodanige afstanddoening; of

(b) sodanige bepalings ingesluit is in 'n bevel van die Hof of 'n arbiter ingevolge artikel 19 aangestel.”

Artikel 17 reël dan die prosedure wat in die geval van so 'n aansoek deur 'n huurarbeider nagekom moet word.

[10] Voldoen die bewerings wat die verweerder in sy beëdigde verklaring uiteengesit het aan die drie primêre vereistes vir die omskrywing van 'n huurarbeider? Wat vereiste (a) betref, is dit gemeensaak dat die verweerder indertyd op die plaas gewoon het; die hele doel van die eiser se verrigtinge was juis om hom daarvan af te kry. Wat vereiste (b) betref, blyk dit uit die verweerder se bewerings dat hy die reg gehad het om beste op die plaas aan te

hou - of dit nou 24 was (soos hy beweer) of, na 1 Maart 1997, slegs 10 (soos Klousule 8 van die kontrak bepaal) - kom nie daarop aan nie. Origens word beweer dat hy, as gedeeltelike teenprestasie vir die bewoning en beweiding op die plaas, vir die eiser (of die eiser se voorganger in titel) op die plaas gewerk het. In 'n brief wat namens hom aan die Direkteur-Generaal van die Departement van Grondsake gerig is, en waaarna daar in sy beëdigde verklaring verwys word, word hy dan ook as 'n "general farm labourer" beskryf. Wat vereiste (c) betref, beweer hy in para 8(a) van sy beantwoordende verklaring soos volg:

"My father France Mosehla resided on the same farm I am currently residing upon, more specifically the farm Enkeldebosh situated in the district of Middelburg - Mpumalanga. My late father also had the use of cropping land and/or grazing land on the aforesaid farm and in consideration of such right provided the owner/lessee of the said farm with labour. My father and I were obliged to perform our services personally on the aforesaid farm. Therefore, my father and I were not farm workers as described in section 1(ix) of Act 3 of 1996."

[11] Word die bewerings wat die verweerder aldus maak in die verhoor bewys, voldoen die verweerder aan die drie basiese vereistes vir 'n huurarbeider. Dit opper dadelik die verdere vraag of die verweerder, vir doeleindes van die negatiewe voorbehoud in die definisie van "huurarbeider" ("maar uitgesluit 'n plaaswerker"), nie nietemin "'n plaaswerker" was nie.

[12] In *Ncgobo & Others v Salimba CC; Ncgobo v Van Rensburg* 1999 (2) SA 1057 (SCA), is die vraag in par 28 oopgelaat op wie die bewyslas in so 'n geval nou eintlik rus. Ek sal in die guns van die eiser aanvaar (sonder om die omstrede vraag te beslis) dat dit onder die omstandighede van hierdie geval by die verweerder berus het om in sy opponerende verklaring aan te toon dat hy nie 'n "plaaswerker" was nie.

[13] Volgens die Hof *a quo* is die relevante datum vir bepaling van die status van die werknemer die 2de Junie 1995. Aldus is te 621D-F gesê:

"The definition of 'labour tenant' has a negative component, namely that he is not a farm worker. Should one have to determine whether a person is at present a labour tenant, one would as part of the exercise look at the present situation to determine whether that person is a farm worker. But where one has to determine whether at a date in the past (2 June 1995) a person was a labour tenant, then it follows that the object is also to determine whether he was then (not now) a farm worker. In the process the almanac has to be turned back and the situation considered as at 2 June 1995 in the light of the values then pertaining.

We are obliged by s 3(1) of the Act to consider the situation as at 2 June 1995. It follows that the appellant had to focus his defence on that date. He failed to do so."

In *Ncgobo, supra*, par 25 op 1075, is egter gesê, onder meer met verwysing na die uitspraak van die Hof *a quo*, dat dié benadering verkeerd is:

"The date 2 June 1995 is, therefore, in the present context inappropriate as a time for establishing whether the present

occupiers are labour tenants or farmworkers for purposes of the Act. It obviously could never have been the intention of the Legislature to exclude from the protection of the Act anyone who has, since 2 June 1995, become a labour tenant as defined in the Act.” (1075E-F).

[14] Dit sou dus ook verkeerd wees om die saak soos die Hof *a quo* (*supra* te 621B-D) te bekyk met verwysing na die oomblik waarop die kontrak ’n aanvang geneem het (1 Maart 1997). Insgelyks was dit verkeerd om die bepaling van die dienskontrak as ’t ware op die verweerder se beëdigde verklaring in te ent ten einde die verweerder se bewerings onder eed (dat die maandelikse waarde van sy bewoning R450 beloop het) na R100 te verminder.

[15] In par 27 van *Ngcobo, supra*, op 1075H-J is gesê:  
“If one approaches the definition in this holistic or continuous sense, it follows that what has to be established is the predominant quality of occupation over the whole period during which the present occupier has been complying with paras (a) and (b). It may be, as illustrated above, that in respect of some periods the remuneration paid to the occupier in cash or some other form of remuneration (see para (a) of the definition of ‘farmworker’) may have exceeded the value of the right to occupy and use the land; and *vice versa*. What we have to find is the overall sense and value of the occupation. The present time is but one moment in this continuum.”

[16] Die pertinente vraag is dan of die verweerder se bewerings in sy beëdigde verklaring aandui dat hy oor die tersaaklike tydperk (dit wil sê die tydperk

waartydens hy aan vereistes (a) en (b) voldoen het), persoonlik op die eiendom as arbeider gewerk het waarvoor hy vergoeding ontvang het wat oorwegend in kontant en in *natura* bereken was, en wat minder was as die waarde van sy bewoning en beweiding gesamentlik.

[17] Die verweerder heg aan sy beëdigde verklaring 'n brief wat sy prokureur namens hom aan die Direkteur-Generaal van die Departement Grondsake gerig het en waarin verklaar word:

“Our client, until January 1977 earned a salary of R350-00 per month and occupied a house built of stone together with his (our client’s) family. Our client’s rights of occupation aforesaid was an expressed alternatively implied/tacit term of the contract of employment with the owner of the aforesaid farm, Mr Jan Schoeman. In addition to the aforesaid, our client had the right to graze an unspecified number of cattle on the said farm. During January to date hereof our client is grazing 24 cows on the said farm. It is apparent from our client’s remuneration that our client’s rights of occupation and grazing far exceeded the monetary remuneration fee received from Mr Schoeman. Our client therefore satisfy the definition of ‘labour tenant’ contained in Section 1 (xii) of Act No. 3 of 1996.”

In die brief maak hy dus melding van 'n salaris van R350 per maand.

Vervolgens beweer hy in para 7 van sy beëdigde verklaring soos volg:

“7. During the trial of this matter it will be shown that the value of my right to occupy Plaintiff’s land which I am currently occupying with members of my family is R450-00 per

month. The value of my rights of grazing on Plaintiff's farm amounted to the sum of R360-00 per month. The said sum is calculated by taking into account the cost of grazing one cow per month on Plaintiff's farm which amounts to R15-00 and multiplying same by 24. In this regard page 2 of annexure "Z1" [die paragraaf hierbo aangehaal] is illustrative. I was a labour tenant as at 2<sup>nd</sup> June 1995 and I fall within the parameters of Section 3(1) of Act No. 3 of 1996."

Saam gelees blyk dit dus dat die verweerder 'n waarde van R810 per maand op sy bewoning en beweiding van die eiendom plaas. Of dié bewerings korrek of selfs waarskynlik is, kom op die oomblik nie daarop aan nie. Vir doeleindes van summere vonnis moet dit as juis aanvaar word. Gevolglik deug dit nie om, soos die Landdros en die Hof *a quo* probeer doen het, die bewerings oor die gehele tydperk aan die hand van die bepaling van die latere kontrak te toets en desgewens aan te pas nie.

[18] Dit is wel so dat dit uit die eedsverklaring nie duidelik is presies wanneer die verweerder vir die eerste keer aan vereistes (a) en (b) voldoen het nie. Hy maak egter wel die bewering dat hy op 2 Junie 1995 aan die wetlike voorskrifte voldoen het om as 'n huurarbeider te kwalifiseer. Al word die kloutjie nie uitdruklik by die oortjie gebring nie, is dit in so 'n geval nodig om by 'n aansoek om summere vonnis 'n meer toeskietlike houding in te neem as wat by 'n eksepsie of die verhoor self die geval sou wees, omdat summere vonnis 'n buitengewone remedie is wat eintlik net toegepas moet word as daar ten beste vir die verweerder niks vir sy saak te sê is nie (vgl *Tesven CC and Another v South African Bank of Athens* 2000 (1) SA 268 (SCA) 275H-276G). Word dié benadering toegepas, meen ek dat die feitelike bewerings in die verweerder se beëdigde verklaring en die stukke waarna dit verwys, vatbaar is vir die vertolking dat hy op en sedert 2 Junie 1995 aan vereistes (a), (b) en (c) van die

betrokke artikel, asook die negatiewe voorskrif waarvan daar in die omskrywing van “huurarbeider” ten opsigte van ’n plaaswerker gewag gemaak word, voldoen het. En as dit die geval is, sou die verweerder, by bewys van die bewerings wat hy maak, ’n statutêre saaklike reg geniet om die perseel te bewoon.

[19] Die verweerder se beëdigde eedsverklaring is weliswaar oppervlakkig, onsamehangend en bra onhandig opgestel, soos die Hof *a quo* dan ook tereg beklemtoon. Maar, anders as die Hof *a quo*, meen ek nie dat die besonderhede wat verstrekkend is, so karig was dat dit die afleiding regverdig dat die verweer wat wel geopenbaar word nie *bona fide* was nie.

[20] Veel is in albei uitsprake van die Howe benede van die bepalings van die dienskontrak gemaak en van die feit dat die bewering dat dit regmatig beëindig is, nie deur die verweerder betwis is nie. Die bepalings van die kontrak sou egter alleen ter sake wees indien dit as ’n afstanddoening deur die verweerder van die statutêre reg wat die Wet hom andersins verleen, vertolk kan word. Die vraag is nie, soos die Landdros dit benader, of artikels 16(2)(a) en (b) van die Wet die kontrak “vernietig” nie, maar of die kontrak die verweerder se aanspraak om ’n huurarbeider te wees, vernietig. Die antwoord op laasgenoemde vraag is myns insiens ontkennend; aan die voorskrifte van artikel 3(6) en 3(7) van die Wet is kennelik nie voldoen nie. Dit geld dus nie as ’n afstanddoening van die aanspraak wat die verweerder, indien sy bewerings staande bly, as ’n huurarbeider op die eiendom gehad het nie. Daardie aanspraak is nie op die kontrak gegrond nie, maar op die bepalings van die Wet, meer bepaald artikels 3(1)(a) en 5 daarvan. Dit is ’n reg wat die Wet hom gun ongeag of hy daarbenewens ook aanspraak kan maak op die remedies wat artikel 16 hom bied. Vir huidige doeleindes is laasgenoemde aanspraak glad nie in gedrang nie.

[21] Die klem wat die Howe benede dus op die ooreenkoms asook op die verweerder se versuim om in sy beëdigde verklaring daarmee te handel, geplaas het, is myns insiens nie deurslaggewend nie. Die verweerder se verweer berus nie op die kontrak nie, maar op sy beweerde statutêre reg. Die enigste vraag is of die bewerings in die eedsverklaring so 'n statutêre reg vestig. Om die redes vermeld, meen ek dat die antwoord op dié vraag bevestigend is.

[22] Die volgende bevel word gemaak:

1. Die appèl slaag met koste.
2. Die bevel van die Hof *a quo* word ter syde gestel en vervang met die

volgende bevel:

1. Die appèl slaag met koste;
2. Die bevel van die Landdroshof word ter syde gestel en

vervang met die volgende bevel:

1. Summiere vonnis word geweier.
2. Verlof word aan die verweerder verleen om die saak te verdedig;
3. Die koste van die aansoek om summiere vonnis geld as koste in die geding.

P M NIENABER

.....

Stem saam:

Harms AR  
Schutz AR  
Mpati AR  
Mthiyane Wnd AR